

Chris Reddy*

Terwyl daar so baie aandag aan die COVID-19-pandemie en -inentingsprogramme gegee word, is dit maklik om die omgewingskwessies uit die oog te verloor wat ons almal (menslike en nie-menslike spesies) tans teister wat op hierdie broos planeet wat ons aarde noem, woon. In ons gejaagde lewens vol probleme is die beskerming van die omgewing dikwels die laaste ding waaraan ons dink.

Miksien is Wêreldomgewingsdag (5 Junie) die ideale geleentheid om vir 'n oomblik stil te staan en na te dink oor hoe belangrik die omgewing in ons lewe is. Die tema van 2021 is "Ekostelsel-restorasie" en vanjaar word die Verenigde Nasies se Dekade van Ekostelsel-restorasie op 5 Junie bekendgestel. Aan die hand daarvan is dit uiters belangrik dat ons sal kyk na waar ons is, hoe ons hier gekom het en hoe ons in die toekoms ruimtes vir meer volhoubare lewenspraktyke en leefstyle kan vind wat nie net dít wat reeds geplunder en gebreek is, sal herstel nie, maar ook verdere toekomstige skade en vernietiging van die planeet sal voorkom.

Ons deel die aarde met nie-menslike spesies wat bydra om dit 'n "lewende planeet" te maak wat menslike en biologiese lewe kan onderhou. Ons lewe in 'n stelsel van interverbondenheid met en interafhanklikheid op ander spesies en die fisieke/natuurlike wêreld. Sekere omgewingskundiges stel voor dat ons ons bestaan op aarde as 'n sosio-ekologiese interaksie tussen onself en die natuurlike of fisieke wêreld sien. Dit beteken kortliks ons kan van die natuurlike wêreld en die mensgemaakte of sosiale wêreld praat wat wisselwerking uitoefen en die gevolglike konsep wat ons omgewing noem, oplewer. Ons kan met ander woorde van n sosio- (menslike) ekologiese (natuur-) omgewing op aarde praat. Ongelukkig het die skaal van interaksie tussen die mens en die natuur begin oorhel na die guns van die mens wat meer negatiewe as positiewe gevolge vir die planeet inhou.

Een ding is vir seker: Ons kollektiewe toekoms op hierdie planeet hang af van gesonde, funksionerende eksostelsels. Kom ons begin vandag op Wêreldomgewingsdag om ons omgewing te herstel en te beskerm. Ons kan nie meer tyd mors nie, want ons planeet is siek en daar is GEEN ENTSTOF VIR DIE OMGEWING NIE.

Klik [hier](#) om die res van die artikel, soos geplaas in Mail & Guardian, te lees.

***Chris Reddy is 'n professor en koördineerder van die Omgewingsopvoedingsprogram in die departement Kurrikulumstudie van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Stellenbosch.**